‘WARM WATER IMAGINARIES’

# Siopis takel mens se rol op die aarde

**’n Mens kan jou vergaap aan Penny Siopis se jongste tentoonstelling, *Warm Water Imaginaries* – sintuiglik en intellektueel daag dit uit. Johan Myburg het gaan kyk.**



**Penny Siopis, *Present Continuous: Hot Water*, 2019, houtlym en ink op doek (190 x 190 cm).**

Vir Penny Siopis is “materialiteit op sigself, sonder twyfel, net soveel beeld en konsep as wat enige voorgestelde ‘subjek’ ook al mag wees”, het Colin Richards in 2010 in ’n opstel oor Siopis se werk opgemerk. Van die akkuraatheid van dié waarneming word ’n mens weer bewus by die intrap by *Warm Water Imaginaries*, haar jongste uitstalling, waar ’n mens allereers groot doeke met houtlym, ink en olie as medium teëkom.

Maar dié gewaarwording is ook waar van *Warm Waters*, 84 tekeninge in dieselfde media, in dié geval op papier; *She Breathes Water*, ’n videowerk wat op ’n monitor vertoon word, maar ook teen die muur geprojekteer oor twee groot doeke spoel; en *Tentacular Time*, ’n installasiewerk met boeke, koerantknipsels en “gevonde voorwerpe” wat in werklikheid Siopis se kosbare versamelstukke is.

Met die nadruk op materialiteit en daarmee saam praktyk (die proses van kuns maak) is niks werklik finaal afgehandel nie, laat Siopis blyk. Derhalwe kom voorwerpe, uitdrukkingsvorms, temas en verwysings wat ’n mens vroeër al in haar werk gesien het weer na vore. In nuwe gedaantes, maar in wese is dit dieselfde visuele veld wat sy verken.

In dié jongste uitstalling kom die element van klimaatsverandering ter sprake, juis omdat die werk gemaak is op uitnodiging om deel te neem aan *Rising Waters: The Indian Ocean in the Twenty-first Century*, ’n groepuitstalling wat volgende jaar in Boston aangebied word. Heelwat van die groot doeke het verwysings na water in die titels, hoewel dié meer abstrakte werk met minder figuratiewe verwysings wyer gelees kan word as die verwysing na die Boston-uitstalling.

In die skildery met die titel *She Breathes Water* is dit die seekat wat in skakerings wat wissel van geel tot pers haar verskyning maak en in die gelyknamige videowerk aan die woord kom as die lewensvorm wat “nege breine, agt arms en drie harte” het.

Dit is die mens wat in dié video gepak word – dié een wat nie net minder brein het nie, maar ook minder hart; die mens wat willens en wetens die natuur aan hom onderwerp en in die proses beduiwel.

Dié menslike figuur kry gestalte in die groot skildery *Wave*; ’n stuwing van water waarin die figuur as drenkeling as’t ware uitgeskei word. “Kan jy die wêreld voorstel sonder jou,” is die aanklag in die videowerk wat saam met dié golf as’t ware in die lug bly hang.

Meer as net die aandeel in omgewingskwessies kom die mens as agent van slawerny, kolonialisme en imperialisme ook te berde, ondersteun deur ’n magdom verwysings in *Tentacular Time*: Amitav Ghosh se *The Great Derangement: Climate Change and the Unthinkable*, maar ook *Sea of Poppies*; Sy Montgomery se *The Soul of an Octopus* en Claire Nouvian se *The Deep: The Extraordinary Creatures of the Abyss*. Saam met dié verwysings en terugkerende objekte soos St. Escrava Anastacia (uit *Will* van 1997) en die heilige Franciskus wat horisontaal op ’n doek gemonteer word, weef Siopis noukeurig ’n treknet wat kreature van allerlei aard en verbeelde werklikhede na die oppervlak bring.

Die *Warm Water Imaginaries* verwys gewis na die warmer Indiese Oseaan, en dat ons ons in warm water bevind, is nie te betwyfel nie.

*Warm Water Imaginaries* is die soort uitstalling waaraan ’n mens jou vinnig op ’n sintuiglike vlak kan vergaap – ten opsigte van tekstuur, vorm, kleur – maar eweso waar ’n mens ure kan deurbring om al die verwikkeldhede te probeer naloop.

**■ Die uitstalling is te sien tot 3 Mei. Die Stevenson-galery is by Jutastraat 62, Braamfontein. Navrae: 011 403 1055. Die galery is oop van Maandag tot Vrydag van 09:00 tot 17:00 en Saterdae van 10:00 tot 13:00.**



**Penny Siopis, *Blue Blood*, 2018, houtlym, ink en olie op doek (100 x 100 cm).**
Foto’s PENNY SIOPIS© MET VERGUNNING DEUR STEVENSON KAAPSTAD EN JOHANNESBURG

**“ Dit is die soort uitstalling waaraan ’n mens jou vinnig op ’n sintuiglike vlak kan vergaap – ten opsigte van tekstuur, vorm, kleur.**

salt rock hotel
beach resort
Bekostigbare pryse
Geniet die uitsig vanuit al die seefront-kamers, swem in die getypoel en die varswaterpoele, ontspan in die dameskroeg of onder die strandgazebo. Uitstekende konferensiegeriewe, bekostigbare troues op die strand, met Koning Shaka Lughawe net 20 minute s e ry ver.
Die Juweel van die Noordkus
Skakel nou 032 525 5025 om te bespreek.
Besoek ons webwerf: www.saltrockbeach.co.za
X1U7UEVF-B1200118

## Breinknoop

1. Wanneer word vanjaar die eindstryd van die Wêreldbeker-kriekettoernooi gespeel?
2. In watter fliek word Simon & Garfunkel se lied “Mrs. Robinson” gehoor?
3. Watter Suid-Afrikaanse provinsies grens aan Namibië?
4. Wat is die renjaer Michael Schumacher se seun se naam?
5. Is Vancouver aan die oos- of die weskus van Kanada?

**Antwoorde:**
1. 14 Julie; 2. *The Graduate*; 3. Net die Noord-Kaap; 4. Mick; 5. Die weskus.

## Vandag wat was

**Jennifer Garner, Amerikaanse aktrise, is 47.**



**71 jaar gelede (1948):** Die Franschhoekse Hugenote-monument, ontwerp deur J.C. Jongens, met ’n vrouebeeld ontwerp deur Coert Steynberg, word ingewy, vyf jaar nadat dit voltooi is.

**50 jaar gelede (1969):** Dorothy Fischer word die eerste vrou in Suid-Afrika wat ’n nuwe hart kry. Sy leef daarna nog 12 jaar.

**10 jaar gelede (2009):** ’n Brand verwoes die Paarl Printdrukkery en eis die lewens van sewe werkers.

## Zitts





## Stoffel





## Hagar




## Groeipyne



## Crossword 89

**Across:**
2. Wish otherwise
8. Divine messenger
9. Radiolocation
11. Hanger-on
13. Punctuation mark
15. Religious art portrayal
17. Part of the eye
18. Trembling poplar
19. Dogma
21. Cosy retreats
24. Brilliance of success
25. Sea nymph
28. Treat with contempt
31. Lukewarm
34. Love god
35. Begins again
37. Publication
38. Unpractical person
39. Frequently
40. Even
41. Meddle

**Down:**
1. Call for repeat
2. Rest
3. Dash
4. Wanders
5. Three-pronged spears
6. Paradise
7. Operatic air
10. Make amends
12. Plant juice
13. Quotes
14. Passenger ship
16. Fastener
20. Dwelling
22. Riders’ goading devices
23. Inward feeling
26. Anger
27. Musical composition
29. Annoy
30. Brought out of sleep
32. Vegetable
33. Mohammedanism
35. Building cover
36. Location
37. Island

**Solution 88**
**Across**: 3. Sacrifice; 8. Enamel; 9. Desire; 11. Prepared; 14. Ease; 17. Entrée; 19. Rex; 20. Vest; 22. Serape; 24. Islet; 26. Tense; 28. Aromas; 31. Sail; 32. Tat; 34. Modest; 36. Ales; 38. Revision; 41. Passed; 42. Recess; 43. Dissolves. **Down:** 1. Keep; 2. Maze; 3. Sedan; 4. Alerts; 5. Raider; 6. Free; 7. Cease; 10. Serenades; 12. Rues; 13. Peter; 15. Arena; 16. Expel; 18. Eat; 20. Vista; 21. Slate; 23. Pests; 25. Tom; 27. Silo; 29. Morsel; 30. Severe; 33. Alibi; 35. Sides; 37. Spas; 39. Item; 40. Nest.

# TV
Woensdag 17 April



**Hou dop:** Johanna Spyri se gewilde kinderverhaal kry nuwe lewe in vanaand se weergawe van *Heidi*. Beleef allerlei avonture saam met Heidi, haar oupa en Peter in die berge. Kyk ook hoe die nare juffrou Rottenmeier haar lewe omkrap. Met **Anuk Steffen** en Anna Schinz. **(kykNET, 20:00)**

## SABC2

**06:00 Morning Live**
**09:00 Thabang Thabong**
**09:30 Kliphard (H)**
**10:00 Health Talk**
**11:00 Doc McStuffins**
**11:30 Yo.TV Land**
**12:00 Go Jetters**
**12:30 Mara: The Only One**
**13:00 7de Laan (H)**
**13:30 Uzalo (H)**
**14:00 Skeem Saam (H)**
**14:30 Muvhango (H)**
**15:00 Mickey and the Roadster Racers**
**15:30 Yo.TV Land**
**16:00 Restyle Mystyle**
**16:30 Hectic Nine-9**
**17:00 Bleach**
**17:30 Nuus**
**18:00 7de Laan**
**18:30 Nuus (Afrikaans)**
**19:00 Geure uit die vallei**
**19:30 Authentiek**
**20:00 Nuus**
**20:30 Visionaries Lounge**
**20:56 Lotto-trekking**
**21:00 Muvhango**
**21:30 Giyani: Land of Blood**
**22:00 The Big Debate**
**00:00 Mara: The Only One**

*****Alle inligting oor uitsaaitye, programtitels en -inhoud was teen druktyd korrek. Die inligting word van die skakelafdelings en publisiteitspanne verkry en word in goeie trou gepubliseer.
****A** almal; **G** geweld; **H** herhaling; **OL** ouerleiding; **S** seks; **T** sterk taal en **N** naaktheid.
*****TV-skedulenavrae:**
e.tv: 083 1222; SABC: 011 714 9797; M-Net: 011 289 2222.

## SABC3

**06:00 Expresso**
**09:00 Democracy Gauge (H)**
**09:30 Soap on a Rope (H)**
**10:00 Keeping Score (H)**
**10:30 7de Laan (H)**
**11:00 Isidingo (H)**
**11:30 Muvhango (H)**
**12:00 Knight Rider**
**13:00 On Point**
**14:00 Judge Faith Jenkins Court Show**
**14:30 Quit Your Day Job (H)**
**15:00 Kuu Kuu Harajuku**
**16:00 Hectic on 3**
**16:30 Afternoon Express**
**17:30 Democracy Gauge**
**18:00 Soap on a Rope**
**18:30 Keeping Score**
**18:00 Real Talk**
**19:00 Isidingo (OL)**
Lalage vind die hartseer-waarheid oor Hendrik. Dit lyk asof Lungi tot Lincoln aangetrokke voel.
**19:30 Bride & Prejudice: The Forbidden Weddings**
**20:30 Just Cooking II**
**21:00 Nuus @ 21:00**
**21:30 Navy NCIS XIV (13)**
’n Lid van die vloot sterf deurdat sy van ’n gebou afval. Dr. Grace Confalone sê vir Gibbs hy moet dit as ’n moord beskou.
**22:30 Trending SA**
**23:30 Base 3**

## e.tv

**06:00 The Morning Show**
**08:00 The Morning News**
**08:30 Qubool Hai (13)**
**09:30 Days of Our Lives (13) (H)**
**10:30 Gebroke harte (13) (H)**
**11:30 Rhythm City (OL13) (H)**
**12:00 Scandal! (OL13) (H)**
**12:30 Imbewu: The Seed (13) (H)**
**13:00 Open News**
**13:30 The Wild (OL13) (H)**
**14:00 The Big Bang Theory (13ST) (H)**
**14:30 Peppa Pig**
**14:35 Cool Catz New Masters**
**15:00 Monchhichi Tribe**
**15:15 PJ Masks**
**15:30 Supa Strikas**
**15:55 Power Rangers Dino Super Charge**
**16:25 Family Feud**
**16:50 Judge Judy (13)**
**17:15 Days of Our Lives (13)**
**18:00 The Wild (OL13)**
**18:30 America’s Funniest Home Videos**
**19:00 Rhythm City (OL13)**
**19:30 Scandal! (OL13)**
**20:00 eNews**
**20:30 SEAL Team (16)**
**21:30 Imbewu: The Seed (13)**
**22:00 Power (16GT)**
**23:10 See Jane Date (OL13)** ★★★
Romanse. Met Charisma Carpenter en Holly Marie Combs. (2003)
**00:50 Judge Judy (13) (H)**
**01:15 SEAL Team (16) (H)**

## M-Net


**Satelliet (DStv)**
**07:00 Ellen’s Game of Games II (H)**
**08:00 This Is Us III (16) (H)**
**09:00 Grey’s Anatomy XV (13ST) (H)**
**10:00 Bull III (16) (H)**
**11:00 American Housewife III (OL13) (H)**
**11:30 Ellen’s Game of Games II (H)**
**12:30 Station 19 II (13) (H)**
**13:30 The Chefs’ Line (H)**
**14:30 American Idol 17 (H)**
**16:30 Suits VIII (13) (H)**
**17:30 Modern Family IX (13) (H)**
**18:00 Ellen’s Game of Games II**
**19:00 Young Sheldon II (13)**
**19:30 The Big Bang Theory XII (13ST)**
**20:00 Whiskey Cavalier (13)**
**21:00 Billions III (16ST)**
**22:10 The Truth About the Harry Quebert Affair (18)**
**23:10 The Late Late Show with James Corden (13)**
**00:10 9-1-1 (16) (H)**
**01:10 FBI (13) (H)**
**02:10 Counterpart II (16) (H)**
**03:25 Riverdale III (16G) (H)**
**04:25 Emma Fielding: More Bitter than Death (OL13G)** ★★★★
Misterie. (2019)
**Analoog**
16:30 Modern Family, 17:00 Binnelanders, 17:30 Suidooster, 18:00 Satelliet-skedule.

## kykNET

**06:00 Die Groot Ontbyt**
**08:15 Matilda**
**08:30 Binnelanders (H)**
**09:00 Getroud met rugby (H)**
**09:30 Tyd met Aleit 4 (H)**
**10:00 Safari 4x4-roetes 12 (H)**
**10:30 La’t wiel 20 (H)**
**11:00 Voetspore: Van Agulhas tot Alexandrië 7 (H)**
**12:00 Bravo! 8 (H)**
**12:30 Kwêla (H)**
**13:30 Leef jou reis met Gerrie Pretorius 7 (H)**
**14:00 Nasie in gesprek 5 (H)**
**14:30 Winslyn (H)**
**15:00 Op die spel 4 (H)**
**15:30 MegaBoere 5 (H)**
**16:00 Bravo! 8 (H)**
**16:30 Glam Guru 16 (H)**
**17:00 Walter die wasbeer**
**17:30 Fiësta 21 (H)**
**18:00 Tyd met Aleit 4**
**18:30 Suidooster**
**19:00 Nuus**
**19:30 Binnelanders**
Okkie se slegte tydsberekening jaag Wimpie die harnas in. Luc verras Jax en Tertius. Liebenberg vra Conrad om met Delia te help.
**20:00 Heidi (A)** ★★★★
Gesin. Met Anuk Steffen en Anna Schinz. (2015)
Sien Hou dop.
**22:30 Getroud met rugby**
**23:00 Suidooster (H)**
**23:30 Binnelanders (H)**
**00:00 Leef jou reis met Gerrie Pretorius 7 (H)**

## Via

**06:00 Blitsbrein (H)**
**06:30 Kom ons braai: Familie en vriende (H)**
**07:30 Landbouweekliks (H)**
**08:30 Geldhelde (H)**
**09:00 Nisboere (H)**
**09:30 Op pad met Dana (H)**
**10:00 Veldhelde (H)**
**10:30 Wakkerslaap (H)**
**11:00 Maklik met Marinda (H)**
**11:30 Rooi tamatie (H)**
**12:00 Minki (H)**
**12:30 Waar begin ek soek? (H)**
**13:00 Geldhelde (H)**
**13:30 Dr. Nou (H)**
**14:00 Minki (H)**
**14:30 Iewers in Afrika (H)**
**15:30 Klankbord (H)**
**16:00 Die kliek (H)**
**17:00 Maklik met Marinda (H)**
**17:30 Rooi tamatie**
**18:00 Minki (H)**
**18:30 Waar begin ek soek?**
**19:00 Geldhelde (H)**
**19:30 Dr. Nou**
**20:00 Minki**
**20:30 Iewers in Afrika**
**21:30 Klankbord**
**22:00 Die kliek (H)**
**23:00 Maklik met Marinda (H)**
**23:30 Rooi tamatie (H)**



## Blokraai 13 874

**Dwars:**
1. Goggas wat hulle kwansuis binne-in jou kop sou tuis maak
6. Strydperk
8. Rugbybalvormige
10. Vinnig na binne trek
11. Geneesmiddel
13. Hangende keëls in grotte
19. Applikasie
22. Keëldraende bome
23. Soorte
24. Vandag se onderwysers is verplig om dit in skole te spaar
25. Papbroekig

**Af:**
1. Seldsame kameelperdagtige antilope
2. Groot knaagdier wat skade in suikerplantasies aanrig
3. Onsin praat
4. Ontsaglik groot
5. Nadelig beïnvloed
7. Van onderwerp verander
9. Eenhoewige soogdier
12. Intiem
14. Bitter plant wat glo geneeskragtige eienskappe het
15. Nie regstreeks nie
16. Neig of heenwys na
17. Liewer só as nooit
18. Geskik gewees
20. Katmandoe is sy hoofstad
21. Die inhoud kortliks saamvat

**Oplossing van 13 873:**
**Dwars:** 1. Junior; 4. Beween; 8. Loods; 9. Kers; 10. Marsjeer; 13. Ingee; 15. Gesel; 18. Palankyn; 19. Sper; 22. Grimm; 23. Afdruk; 24. Kryger.
**Af:** 1. Jukskei; 2. Nader; 3. Omlê; 5. Einders; 6. Nouer; 7. Sofas; 11. Sege; 12. Kern; 14. Geleerd; 16. Lardeer; 17. Wysig; 18. Piëta; 20. Pleeg; 21. Amor.